

CONTENTS

INHOUD ♦ IZIQULATHO



FEATURES • ARTIKELS • IZIMO

THE FAIREST FAIR OF THEM ALL! *the Cape Town Book Fair 2008* 10

Rheina Epstein

PEANUTS OR DAGWOODS, GROND-BOONTJIES OF BROOD?
Strokies as opvoedkundige hulpmiddels 12

Dr Francois Verster



page 10

COLUMNS • RUBRIEKE • KHOLAM

BOEKWÊRELD • BOOK WORLD
ILIZWE LEENCWADI
SA bande met Lae Lande sterk aan 15

Willem de Vries

'n Aand saam met die manne - innie Paarl 16

Dr Francois Verster

An equal music 17

Freda Eksteen

100 South African children's picture books 19

Robin Malan

BOOK REVIEWS • BOEKRESENSIES
UHOLO LWENCWADI 22

Boekkeurders / Book Selectors

ACCESSIONS • AANWINSTE
EZONGEZELELWEYO 26

Saamgestel deur / Compiled by Tessa Caroline

DOCUMENTARY FOCUS • DOKUMENTÊRE
FOKUS • INKQUBO-MBALISELO
What's cookin' Goodlookin'? 30


Dalena le Roux

DIE KUNSTE • THE ARTS • UBUGCISA
Abstract painting 32

Marianne Elliott



page 23



page 31



page 32

LIBRARY WORLD • BIBLIOTEEKWÊRELD
ILIZWE LETHALA LEENCWADI
Enhancement of isiXhosa literature in the Western Cape 35

Xolisa Tshongolo

DISPLAYS • UITSTALLINGS • IMIBONISO
Get tourism mobile... 36

Monica Wagner

LIBRARIES • BIBLIOTEKE • AMATHALA EENCWADI
Table View Library back in business 38

Elmarie Waltman

Leeu-Gamka Biblioteek 'brul' 39

Pieter Hugo

Griekwaland se eie biblioteek - Kranshoek 40

Elna Cloete

NEWS • NUUS • IINDABA

between the lines • phakathi kwenigca 2

people • mense • abantu 3

libraries • biblioteke • amathala eencwadi 4


skrywers en boeke • books and authors
iincwadi nababhali 6

literary awards • literêre toekennings
amabhaso woncwadi 6

allerlei • miscellany • iincwadi ezahlukeneyo 7

COVER • VOORBLAD • IQWEQWE

A continuation of our computer images relating to the world of books



May • June
Vol 52 No 3 2008



EDITORIAL

REDAKSIONEEL

This year's Cape Town Book Fair has surpassed all expectations including my own. There were people who commented that they were disappointed in the Fair

but I certainly disagree with them. I welcomed the wider aisles, the huge variety of exhibitors (31 countries were represented) and in general, the variety of discussions and talks on offer. For some interesting feedback on the Fair from the point of view of Rheina Epstein, a well-known ex-librarian and regular correspondent of ours, turn to page 10. At the time of writing a press release arrived on my desk announcing that the General Council of the Publisher's Association of South Africa (PASA) has accepted an invitation for South Africa to be the Market Focus in 2010 at the leading spring event for the publishing community, The London Book Fair - a great honour indeed.

Children's librarians will find the selected list of 100 of South African children's picture books written and/or illustrated by South Africans or non-South Africans living and working in South Africa in *Bookworld* of great value - our thanks to Robin Malan for providing us with the information.

Amongst other items of interest is an interesting discussion on the educational value of comic strips by Dr Francois Verster. He also shares his observations of some of our talented local authors.

Three new and/or upgraded libraries are in the spotlight this month. Table View has been very successfully upgraded and at long last Leeu-Gamka and Griekwaland can boast libraries of their own. Judging from the circulation figures they are already in extensive use.

And finally - a warm welcome to our new director, Nomaza Dingayo, on whose shoulders the responsibility now rests to lead and build on the successes of the Library Service and to guide us in these troubled times.

Vanjaar se Kaapstadse Boekefees het weereens alle verwagtinge oortref. Myne ook. 'n Paar mense het teenoor my opgemerk dat hulle ietwat teleurgesteld in die Fees was maar ek het dit heel anders ervaar. Die nuwe uitleg met sy breër loopvlakke, die groot verskeidenheid uitstallers (31 lande was verteenwoordig) en die talle interessante aanbiedings het alles daartoe bygedra dat vanjaar se fees vir my, meer as ooit, 'n verrykende ervaring was. Ervare oud-bibliotekaris, Rheina Epstein, een van ons gereelde korrespondente, deel op bladsy 10 met ons haar indrukke van die Fees. 'n Persverklaring het ten tye van hierdie skrywe op my lessenaar beland waarin aangekondig word dat die Algemene Raad van die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging (PASA) 'n uitnodiging aanvaar het dat Suid-Afrika die Markfokus in 2010 sal wees tydens die bekende Londonse Boekefees, wat jaarliks in die lente aangebied word. Voorwaar 'n eer!

Kinderbibliotekaris sal die selektiewe lys van 100 Suid-Afrikaanse kinderprentboeke wat deur Suid-Afrikaners of nie-Suid-Afrikaners wat in Suid-Afrika woon, geskryf en/of geïllustreer is, van groot waarde vind. Ons dank en waardering aan Robin Malan wat die inligting, wat u in *Boekwêreld* kan vind, aan ons verskaf het.

Ander artikels van belang is 'n interessante bespreking deur dr Francois Verster oor die opvoedkundige waarde van strokiesverhale. Hy deel ook van sy waarnemings oor sommige van ons plaaslike skrywers.

In die kollig hierdie maand is drie nuwe of opgegradeerde biblioteke. Table View het 'n uiters suksesvolle opgradering ondergaan en einde ten laaste het Leeu-Gamka en Griekwaland ook hul eie biblioteke. Te oordeel aan die uitreikingsyfers word beide hierdie nuwe biblioteke reeds goed benut.

Laastens - 'n hartlike welkom aan ons nuwe direkteur, Nomaza Dingayo, op wie se skouers die verantwoordelikheid rus om die voortou te neem en te bou op die suksesse van die Biblioteekdiens en in hierdie tye van swaarmoedigheid leiding te gee.

Grizell Azar-Luxton

Editorial policy

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

Redaksionele beleid

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinstyde asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

Editor • Redakteur
Grizell Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

Graphic Designer / Photographer
Grafiese Ontwerper / Fotograaf
Monica Wagner

Administration and Advertising
Administrasie en Advertensies
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

Web site • Webtuiste
www.capegateway.gov.za/library

E-mail • E-pos
capelib@pgwc.gov.za
grizell@africa.com

Address • Adres
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Posbus 2108 Kaapstad, 8000

Indexed in • Geïndekseer in
LISA (Library and Information
Science Abstracts)

Reproduction and Printing
Reproduksie en Drukwerk
Koerikai Document Solutions
Sanlam Head Office, 2 Strand Street
Bellville 7530

Cover design • Omslagontwerp
Creda Design Studio

© Library Service © Biblioteekdiens
SA ISSN 0 008 5790



Dr Francois Verster

Stemme in my kop

Ek sit vandag met Kasper Kat op my skoot (bra ongemaklik), dit sif-reën teen die ruit en die berge na Stellenbosch se kant lyk tries-tig-grys. Maar ek's lus vir skryf - nee, nie net lus nie, ek móét net. Dis seker wat hulle *Inspirasie* noem. Die Werk van die Muses. Laasgenoemde kan Kasper gelukkig nie hoor nie, want hy sal misverstaan en sy lippe aflek. Hy en Mia het hoeka al wat 'n muis is hier rond uitgeroei. Rotte ook - ek kry gister 'n knewel voor die motorhuis, wat ek terstond kiek en op hierdie einste skootrekenaar laai - so jammer as wat ek hom/haar gekry het, so bly was ek dat ek 'n regte rot kon kry as model vir illustrasies (vir 'n kinderverhaal wat ek vir die *Bolander* geskryf het). Op die laaste foto verskyn Kasper se bakkies en voorpoot ook soos hy probeer om sy prooi by my af te vat, die klein blikskottel. Maar dis nie oor katte en knaagdiere wat ek wil skryf nie; dis oor stemme; eerstens die *In-spi-ra-sie*. Daai ding wat alle 'wannabe'-outeurs so naars-tig-lik na smag. Al sê al wat 'n boek oor skryfkuns juis mens moenie vir dié ontwykende toestand/gees/dinges sit en wag nie. Jy sal baie nuttige ure vermors wat jy liever kon aanwend vir skryf. Nie dat ek juis kan preek nie, maar hier het ek nou 'n stuk *Inspirasie* gekry, so nou moet ek skryf!

Waar kom die groot I dan vandaan? Wel, mens kry dit skynbaar uit heel onverwagse plekke, maar meestal, dink ek, van regte skrywers. So het ek 'n stewige stapeltjie boeke langs my bed versamel, waaraan ek om die beurt peusel. (Kasper se ore wikkkel, maar dis nie oor die 'peusel' nie, dis omdat my mou se punt en sy oor se punt mekaar kielie). Ek kyk na links, waar drie van dié boeke nou lê. Dis Deon Meyer se **Bottervisse in die jêrn**, wat ek baie geniet het, veral omdat ek nie gedink het hy kan sulke lekker kortverhale skryf nie - wys net: mens plaas darem maklik 'n medemens in 'n hokkie. Ek glo nogal dis ook so met kuns: jy lees een boek of sien een skildery van 'n spesifieke kunstenaar en jy vorm net daar 'n (skewe) opinie. Diegene wat Meyer se vertaalde boeke sien - ek het etlike by vanjaar se Boekefees in Kaapstad opgemerk - sal seker nie glo hierdie kragtige speurverhaalskrywer kan ook tere liefdesverhale skep nie. Wel, sy studentestorie, 'n *Man wat kan huil* het my nie laat huil nie, wel hardop laat lag. Maar dit was so bedoel. Daarna moes vroultjie ook die bundel lees. En sy het dit geniet.

Nommer twee van die drietal is Riana Scheepers se **My voete loop na Wellington**. Ai, die dame skryf mos net soos sy praat: ek kan haar stem letterlik hoor; die tongval is so kenmerkend. Is dit 'n Zoeloeland-manier van praat, of is dit net sy? Hoe dit ook al sy, ek dink wanneer hulle praat van 'n skrywer se Stem (eens net so misterieus vir my as *Inspirasie*), dan is dit eintlik maar sy of haar manier van praat - dit help dus as jy kommunikeer op 'n wyse wat in geskrewe formaat goed oorkom. Vertellers soos Tolla van der Merwe kan dalk beter vaar as hulle mondelings oorlewer (Jan Spies kon natuurlik skryf ook), en ander praat dalk beter op papier as met die mond. Ek weet nie; dis 'n teorie wat ek sal moet gaan deurdink, maar dit voel asof daar tog waarheid in steek.

En dan is daar die laaste, maar nie die leste van die drie skrywers - Neelsie homselwers. Hoe baie is nie al oor die ou Groot Gees geskryf nie? Hulle sê daar is meer oor Stephen King geskryf as wat hy self geskryf het - in beide sy en Langenhoven se geval is dit 'n bekvol, maar ek skat hulle kwalifiseer albei.

Hierdie boekie, so 'n klein blouetjie, se titel is **Geeste op aarde** (1933). Die eerste storie is ietwat sentimenteel, maar tog treffend en die tweede, waarmee ek nou besig is, lyk belowend. Sy titel is *Die bouval op Wilgerdal*. (My Afrikaanse *Spellcheck* onderstreep hierdie titel en ek dink Neelsie sou sê 'Watwou!'). Ek dink ek sluit hierdie skrywe van my af met 'n aanhaling uit die begin van hierdie verhaal, net om iets oor die skrywer se Stem agter te laat, al is die verhaal kamma deur iemand anders aan Neelsie vertel. Dit lui so: 'Ou Hendrik Duiwenal is 'n lid van die Volksraad. Ek weet nie of dit opsigself 'n getuienis verskaf van sy geloofwaardigheid nie. [Neelsie was natuurlik self 'n agbare LV]. Maar hy is so welbekend dat dit impertinent van my sou wees om hom [duidelik eintlik Neelsie self] aan die publiek met 'n lange introduksie voor te stel.' (En nou's my *Spellcheck* stil, ten spyte van al die argaïsmes en anglicismes!).

Die punt is dat dit so tipies Langenhoven is dat jy sommer tuis voel en langer by jou ou vriend wil kuier! Dit, dink ek, is hoekom 'n skrywer 'n Stem moet hê - vir die herkenning en die vertroue in sy/haar werk; die kwaliteit en die plesier moet só gewaarborg wees. Ja'k, stemme is noodsaaklik. Mag hulle nie in die woestyn roep in (met permissie aan Scheepers) '...hierdie wye en droewe land van ons' nie.

Kasper hoor ook nou 'n stem. Dis sy ounooi wat 'kossies' roep. Af met die trap is hy. Drie rooi hale oor my bobeen getuig van haar stem se herkenbaarheid.

MENSE**PEOPLE
ABANTU**

Nomaza Dingayo neé Konkco hails from the rural village in Willowvale, Eastern Cape. She studied a B.Bibl degree at the then University of Transkei in Umtata which she completed in 1994.

She joined the library services whilst still doing her studies. She worked as a student professional officer at the Transkei National Library. On completion of her degree, Nomaza joined Transkei National Library as a librarian. She left Umtata to join some of her colleagues in the newly established Eastern Cape Provincial Library Services in King William's Town, working in the Selection and Acquisitions Section.

She also had a brief stint as senior librarian at the East London Museum Library where she worked for three months. Whilst at the Museum Library she applied and was appointed as assistant director in district management in North West Provincial Library Services.

After two and a half years in North West, she was appointed as Deputy Director: Regional Organisation with the Western Cape Provincial Library Service. After four years and three months in the Directorate she was promoted to her current position as director.

'Looking back at my career, one can notice that I have gone through all the steps in terms of levels. This has equipped me with the necessary knowledge in the library field.'

Nomaza is married and the mother of two girls. 'I believe I am blessed because I am married to a wonderful husband who is very supportive and actually my pillar of strength and my best friend. In my busy life of work and mother, he is always there supporting me in good and bad times. My two little girls are really the light of my life, and a driving force for me as I know I have to work for them. My mother and siblings are very supportive as well.

'I have taken over the reigns as manager of the Library and Archive Service at a very challenging time. Library Service has been and still is challenged by the impasse on the public library funding posed by the Constitution of 1996. The Western Cape Library Service is also



challenged by the loss of intellectual property due to the retirement of knowledgeable and experienced staff members. To add to the challenges as manager, the Western Cape Province welcomed the Archive Service in April 2006. This transfer of function comes with its own challenges.

'One thing that will help us pull through these challenges is the work of my predecessors. They built a good service with so much dedicated staff. 99% of the staff at Library service are very good workers, very passionate about their jobs, always willing to take on more under difficult circumstances. I know with this calibre of staff, we will face whatever challenge that comes our way and will extend the services to the disadvantaged communities as well.

'My responsibility is to take the lead in the development, transformation and promotion of a sustainable library and archives service in the Western Cape. This is the strategic goal of the directorate with the keyword being 'access!' Access to public library services which would mean:

- establishing libraries in areas that are currently deprived of a service
- building library facilities in places that are accessible to the communities
- library buildings to be accessible to people with disabilities
- access to relevant information
- promotion of archives services and access to the archival heritage of the Western Cape.

'This work can only be achieved through partnership and co-operation with strategic stakeholders. The municipalities are currently our number one partners and we would not be able to perform our function without them. Different government departments also play a key role in terms of Archive Service.'

Nomaza Dingayo

Director: Library and Archive Service

Congratulations from us all on your appointment. Together we will all do our best to promote the service you envisage. ED

New faces

Linda Mabindisa, the newly appointed regional librarian of Stellenbosch Region, started her career as a teacher. She then worked in the Tygerberg Region as library assistant and in 2001 joined Cape Town City Libraries at Guguletu Library where in 2006 she became the acting senior librarian.

Linda studied at the University of the Western Cape (UWC) where she obtained her BA degree, a Higher Diploma in Education (HDE), BBIBL (ALT) and Mphil in HIV/AIDS and Society (Core Course) at the University of Cape Town (UCT).



Lennon Vusumzi 'Vusi' Tafu, the new regional librarian for Saldanha Region, has eight years experience as a librarian. He has a great interest in the IT world and has for 4 years gained experience in this field whilst working at Parliament. Lennon has a B.Bibl degree

and various IT certificates. His dream is to become a network specialist and he is currently doing a MCSE (Microsoft Certified Systems Engineer). During his spare time he fixes computers.



Welcome to the fold to you both. We trust that you will have as much pleasure as those of us who have been around for a while in spreading the 'word'. ED

BIBLIOTEKE

LIBRARIES
AMATHALA EENCWADI

Eerstes en nuwes in Beaufort-Wes

Beaufort-Wesstreek kan spog met 'n paar interessante eerstes en nuwes.

Vir die eerste keer ooit het al die personeel van al die openbare biblioteke in die streek bymekaargekom. Wel, amper almal. 92.6%. Net twee mense kon nie daar wees nie. Die geleentheid was 'n gekombineerde forum en opleidingskursus oor twee dae in Mei. Dit was veral nodig omdat daar so baie nuwe personeel aangestel is in die *conditional grant*-poste, maar weens die uitgestrektheid van die streek en die afsondering van die meeste dorpe in die Karoo, was dit vir baie van die ouer personeel ook 'n eerste ontmoeting met hulle kollegas van ander dorpe. Wie hulle geleer ken het, was vir baie net so waardevol as wát hulle tydens die kursus geleer het.

Twee van ons eenpersoonbiblioteke spog ook met nuwelinge in beheer van sake. Philancia Braaft op Merweville en Jolene Brown op Nelspoort is onlangs aangestel. Wel, eintlik is Philancia nie so erg onlangs aangestel nie. Sy het egter so moeiteloos oorgeneem by haar voorganger dat ons haar sommer gou al as 'n ou hand beskou het. Dus het ons baie gou vergeet sy is eintlik nog 'n nuweling wat verwelkom moet word.

Laastens, en ek is seker dit is 'n rekord, kan ons streek spog met 'n foto van al drie die stasiewaens wat die afgelope 18 jaar hier diens gedoen het. Die Ford Sierra was van 1990 tot 2000 die streek se boekedraer, die Fiat Palio van 2000 tot 2008 en die Volkswagen Caddy is splinternuut. Omdat die streek so goed vir sy voertuie sorg, is eers die Ford en nou onlangs ook die Fiat ná hulle 'aftrede' deur streekpersoneel opgeraap op veilings van ou staatsvoertuie.

Pieter Hugo

Streekbibliotekaris, Beaufort-Wesstreek



△ Nelspoort Openbare Bibliotek se bibliotekaris, Jolene Brown.



△ Philancia Braaft van Merweville Openbare Bibliotek.



△ Beaufort-Wesstreek se personeel tydens die kursus.

▷ Die drie getroue 'slawe'





Greyton abuzz...

◁ Frenzied activity as learners take part in an information treasure hunt, using reference books at **Greyton Library**.

Judy Terry
Librarian, Greyton Library

The Captain is IN!

Southfield Library celebrated the acquisition of a new set of hardcover *Captain Underpants* titles by creating a handmade poster of the Captains' underpants and cape.

Senior Librarian Jenny Kriel said that she had never in her years of service had a pair of underpants so prominently displayed - and neither have the patrons!

'Interest for the *Captain Underpants* books have gone through the roof and those kids who have never read the books took one look at the poster and immediately recognised it, even though no mention is made of the Captain specifically. Needless to say, the *Captain Underpants* books are some of the most requested titles almost besting Danielle Steel and Nora Roberts in the amount of bookings made.' As far as Southfield Library is concerned, the Captain is 'in' and will be staying for the duration.

Rudi Wicomb
Librarian, Southfield Library



△ Featured here (above) is Lumka Matyobeni and below right Jennifer Kriel with the displays that had everyone talking





Getting to work ala 'wellies'

While most of us have a daily struggle with slow-moving traffic, kamikazi taxis or jam-packed trains, spare a thought for those librarians who have to negotiate a completely different set of frustrating circumstances on their way to work. Take, for example, Ina van Delft, on her daily route to the Klein Swartberg Depot at Vleiland.

SKRYWERS EN BOEKE

BOOKS AND AUTHORS
IINCWADI NABABHALI

Salman Rushdie 'n ridder

Die omstrede Indiese skrywer Salman Rushdie (61) is onlangs deur koningin Elizabeth II tot ridder geslaan.

Moslems het wêreldwyd betoog toe dié ridderskap verlede jaar aangekondig is. Sy boek **The satanic verses** het talle Islamitiese navolgers baie onstel en 'n prys is in 1989 op sy lewe geplaas.


Hy het die Booker Prys in 1981 gewen en is ook bekend vir sy **Midnight's children**.

Gewilde kunstenaar oorlede

Die strokiesverhaal-kunstenaar Michael Turner het onlangs sy stryd teen kanker verloor. Hy was 37 jaar oud.

Wizard World Chicago het 'n minuut van stilte ter nagedagtenis aan hom gehou.

Hy sal onthou word vir sy briljante strokies in boeke soos **Witchblade**, **Black Panther**, **Superman/Batman**, sy eie **Fathom**-reeks en **Soulfire**, wat deur Aspen Comics uitgegee is.



Oudhoofredakteur sterf

'n Voormalige hoofredakteur van die **Woordeboek van die Afrikaanse Taal** (WAT), Niël Hauptfleisch, is onlangs oorlede in die ouderdom van 82.

Hauptfleisch was jare lank sekretaris van die Taalkommissie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy is in 1995 deur die Akademie met 'n erepenning vir leksikografiese werk vereer.

Kitchenboy goed onthou

Braam Kruger is onlangs in die ouderdom van 58 oorlede.

Kruger, alombekend as Kitchenboy, was die oudste van vyf kinders en was een van Suid-Afrika se kleurrykste en mees eksentrieke karakters.

Kruger was koskenner, sjef, kunstenaar en rubriekskrywer en het, onder meer, twee restaurante besit, kosrubrieke vir *Playboy*, *Stywe Lyne*, *De Kat*, *Elle* en *Business Day* geskryf, asook twee kookboeke laat verskyn.

LITERARY AWARDS

LITERÊRE TOEKENNINGS
AMABHASO WONCWADI

Canadian wins Commonwealth Writers' Prize

Canadian author Lawrence Hill won the prestigious Commonwealth Writers' Prize in

the best book category

for his novel **The book of Negroes**, with prize money of £10 000. Bangladeshi author Tahmimi Anam won the prize for best first book for her novel **A golden age**, winning £5 000.

The 2008 Commonwealth Writers' Prize regional winners were announced at a series of events in Sydney, Australia;

Kingston, Jamaica; Kampala, Uganda and London during Commonwealth Week on March 13. The overall winners were announced by Arts and Culture Minister Pallo Jordan at the Franschhoek Literary Festival.

This event, which is in its 22nd year, is sponsored and organised by the Commonwealth Foundation, with the support of the Macquarie Group Foundation, across all four regions of the British Commonwealth.

In Africa, Nigerian author Karen King-Aribisala won the prize for the best book overall for **The hangman's game**. Fellow Nigerian Sade Adeniran won best first book award in Africa for **Imagine this**.

Hill was honoured for writing the best book in Canada and the Caribbean, while fellow Canadian CS Richardson wrote the best first novel in this division with **The end of the alphabet**. In Europe and South Asia Indra Sinha of India was voted best author for **Animal's people**, while Tahmimi Anam walked away with best first book award.

In South East Asia and the South Pacific Steven Carroll of Australia was given the best book award for **The time we have taken**, while fellow Australian Karen Foxlee was honoured for her first book **The anatomy of wings**.

Kaplan wen gesogte prys

Die chirurg en skrywer dr Jonathan Kaplan (50) wat in Suid-Afrika gebore is, is met die gesogte Robert Burns Humanitêre Prys vereer.

Hy het, onder meer, bekendheid verworf vir sy boeke **The dressing station** en **Contact wounds**. Volgens die webtuiste van South Africa The Good News, (www.sagoodnews.co.za) word die prys toegeken aan mense wat humanitêre kwessies bo alles stel. Kaplan, wat in Londen woon en vir die Britse nasionale gesondheidsdienste werk, het in Suid-Afrika grootgeword en in die 1970's medies aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer.

Hy het, onder meer, met die Hollywoodakteur en Unicef-ambassadeur, Ewan McGregor,

om dié toekenning meegeding. Die voormalige Katolieke aartsbiskop van Bulawayo in Zimbabwe, Pius Ncube, is 'n vorige wenner van dié prys.

Atwood bekroon

Die Kanadese skrywer Margaret Atwood is met die Spaanse Prins van Asturias-Letterkunde Prys bekroon.

Die jurie het die 68-jarige skrywer lof toegeswaai vir haar werk in verskeie genres met 'vlugheid en ironie' en in 'n persverklaring gesê Atwood 'verdedig vroue se eiewaarde en stel situasies van maatskaplike ongeregtheid aan die kaak'.

Atwood het al meer as 25 bundels poësie, fiksie en niefiksie gepubliseer en prestigeryke pryse gewen, waaronder die Booker Prys van Brittanje in 2000 vir haar roman **The blind assassin**. Sy is ook bekend vir **The edible woman** wat in 1970 uitgereik is en **The handmaid's tale** in 1983.

Brit wen Orange Prys

Die Britse skrywer Rose Tremain is met die Orange Broadband Prys vir Fiksie (sowat R457 000) bekroon vir **The road home**. Sy is een van die mees gevierde skrywers in Brittanje. Alhoewel sy twee keer 'n beoordelaar van die Man Booker Prys was het sy nog nie self die prys gewen nie. Sy het al tevore die kortlys vir die Orange Prys gehaal.

Haar jongste roman wat lof ingeoes het was nie eens op die langlys van die Man Booker Prys nie, berig *The Guardian* in Londen.

Ander skrywers op die kortlys was Charlotte Mendelson vir **When we were bad**, Sadie Jones vir **The outcast**, Nancy Huston vir **Fault lines**, Heather O'Neill vir **Lullabies for little criminals**, en Patricia Wood vir **Lottery**. Tremain se roman was die beroepswedders se gunsteling.

Onder vorige weners van die prys vir fiksie deur vroue tel Chimamanda Ngozi Adichie vir **Half of a yellow sun** (2007) en Zadie Smith vir **On beauty** (2006).

ALLERLEI

MISCELLANY / INGQOKELELA
YEENCWADI EZAHLUKENEYO

Woordeboek vir selfone

Daar is nie meer 'n verskoning vir slegte taalgebruik in SMS'e nie.

Suid-Afrika se heel eerste tweetalige woordeboek vir selfone is onlangs op die Kaapstadse Boekeskou bekend gestel. Dit is binne die eerste uur deur meer as 400 mense afgelaai.

Die woordeboek bevat ongeveer 25 000 woorde en kos R50 om af te laai. Dit word deur Pharos Woordeboeke uitgegee.

Om die woordeboek af te laai sms 'WB' na 42508. Jy kry dan 'n boodskap met 'n internetskakel waar jy dit moet bevestig.

Die woordeboek laai in twee dele af en het ook 'n soekfunksie. Jy kan onder 'n sekere letter soek, of 'n deel van die woord intik. Jy kan ook die hele woord intik as jy dit reg kan spel.

Die enigste beperking is dat die hele woordeboek 800 KB groot is. 'n Foon moet genoeg geheue ruimte en internettoegang hê.

Boeke-kongres by KIKS

Die uitgewers van die wêreld gaan hul kongres oor vier jaar die eerste keer in Afrika hou - van 11 tot 14 Junie 2012 in die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum (KIKS), of Cape Town International Convention Centre (CICC).

Volgens mnr Calvyn Gilfellan, hoof van Cape Town Routes Unlimited, het Kaapstad gedugte mededingers Oos-Indië en Rusland uitgestof om die 29ste IUV-kongres aan te bied.

Die kongres sal deur sowat 1 000 afgevaardigdes bygewoon word wat 'n impak van sowat R12,5 miljoen op die plaaslike ekonomie sal hê.

Mnr Dudley Schroeder, uitvoerende direkteur van die Uitgewersvereniging van Suid-Afrika, het bygevoeg dat die 2012 kongres gedurende dieselfde tyd as die Kaapstadse Boekefees gehou sal word.

Cape Librarian



40 years ago...

Stefan Wehmeyer Assistant Director: Support Services

- ★ The **Cape Librarian** devoted a whole issue to local history. In an introductory article Mrs Gertz wrote under the heading WHY? 'Because the local public library is the place which should preserve and reflect the individuality of your community, the things which make it different to any other place on earth.'
- ★ MHC Du Preez skryf oor genealogiese navorsing en bronne wat geraadpleeg kan word. Belangrik is om met die ou mense te praat, want 'Nou is hierdie ou geslag reeds besig om verby te gaan en die ongeskrewe geskiedenis van ons land en sy mense daal saam met hulle in die graf. Hulle ovaal ou familieportrette met die strak gesigte, die onberispelike plat gekamde hare, hoë boordjies en onnatuurlike perfekte dasknope beland op die ashoop en saam met hulle die groot geraamde prent met die Smal en Breë Weg.' Hy skryf verder, 'In die plek daarvan kry ons Sweedse meubels en Amerikaanse huise, die huisorreltjie moes plek maak vir die transistor radio en biltong is vervang deur kougom' (wonder wat sou mnr Du Preez vandag gesê het.)
- ★ Mrs B Jordaan from Montagu explained how to start a local collection or amateur archive. She gave advice on the collection and preserving of documents. She warned: NB: Light dust, heat and fingers are 'killers'. After 40 years, I wonder, does Montagu still have this collection that was started by mrs Jordaan?
- ★ GD Quin gave expert advice (he was assistant in charge of the University of Cape Town's manuscripts) on the organising of local history materials.
- ★ Beroemde Suid-Afrikaanse kunstenaar en skrywer, Johannes Meintjies, skryf oor die Moltenoversameling. Op daardie stadium was Meintjies die bibliotekaris van Molteno Openbare Biblioteek. Oor hoe om skenkings van die publiek te bekom skryf hy: Ek vind dit 'n goeie beleid om mense te nooi om ou stukke te leen ingeval hulle dit nie wil skenk nie, en so 'n lening word dikwels 'n skenking.
- ★ C Graham Botha, the first chief archivist of the Union of South Africa (1919-1944) wrote an article on the birth of archives administration in South Africa. Before 1910 a fireproof room in the basement of Parliament served as an archive for documents from 1652 to 1806.

Personalia

- ★ Boerneef wen die Hertzog Prys vir Poësie. Dit was die eerste keer dat die prys postuum toegeken is.
- ★ Mikro (ontvanger van die Hertzog Prys in 1936) sterf. Hy was een van die mees produktiewe Afrikaanse skrywers en meer as 100 werke het uit sy pen verskyn.
- ★ Mnr PH De Villiers word aangestel as streekbibliotekaris in Aliwal-Noord Streek. (Pierre het verlede jaar by ons afgetree na 39 jaar van voortreflike diens.)
- ★ And lastly... 'Ilze Swart left Head Office and entered the public library world at Bellville. We wish her every success.'

Mnr Dirk Elzinga, hoof van die KIKS, voorspel dat uitgewers van meer as 50 lande die kongres sal bywoon, wat, saam met die gewilde Boekefees, groot geleentheid vir plaaslike sakelui en die toerismebedryf sal beteken.

Suid-Afrikaanse biblioteke gesterk

Gemeenskapsbiblioteke sal in die huidige finansiële jaar meer as R300 miljoen van die regering ontvang, volgens die departement van kuns en kultuur.

Die Nasionale Biblioteek sal R65,3 miljoen en biblioteke landwyd R409,9 miljoen ontvang.

Altesame R1 miljoen sal ook vir die bou van 'n biblioteek in Timboektoe, Mali, beskikbaar gestel word nadat Suid-Afrika 'n bilaterale ooreenkoms met dié land aangegaan het ingevolge waarvan Suid-Afrika hom verbind tot die bou van 'n biblioteek en argief vir die Ahmed Baba-instituut in Timboektoe. Volgens minister Pallo Jordan is 'n trustfonds ook begin om geld in te samel vir die bemerking en bewaring van die Timboektoe-manuskripte.

Laatboek stories uit Kuruman

Na aanleiding van Nelia van Zyl se *Verlore boek* (KB Jan/Feb 2008, p.4) wil ek net sê ons kan maar baie dae net ons koppe skud vir die verskonings wat mense kan uitdink om hulleself te verontskuldig. In Nelia se geval was dit darem die waarheid.

Ons het jare gelede 'n baie getroue leser gehad wat alles feil vir haar kinders gehad het. Haar dogter het 'n *Saartjie*-boek uitgeneem wat ook soek geraak het. Die tannie het later die boek betaal. Seker drie jaar later kom sy hoogs ontsteld by ons aan. Hulle het hul motor ingeneem vir 'n diens, (was 'n ou voertuig) toe kry die werktuigkundige die boek bo-op die petroltenk. Nodeloos om te sê die boek was vol stof en onbruikbaar, maar die tannie was baie trots dat sy ons biblioteekboek kon terugbesorg.

STOP PRESS STOP PRESS STOP PRESS

Call for nominations

Every year the Department of Cultural Affairs and Sport hosts the Annual Cultural Awards during November in recognition of outstanding achievement and contribution in the field of arts, culture, heritage, language, archives, museums and libraries. These awards are open to any individual, organisation or group whose efforts have made a difference within their communities and that have exceeded expectations in the preservation, promotion and development of the arts, cultural and heritage landscape of our province.

The awards applicable to libraries are: *Best librarian and/or library: most community involved*; and *Best youth and children's services*.

For more information please contact Neville Adonis at <nadonis@pgwc.gov.za> or telephone 021 483 2145.

die boek, maar dat dit eintlik 'n nuttelose boek was wat haar nie juis gehelp het nie. Na ongeveer 'n verdere twee maande se gesoek deur die personeel, kom sy eendag hier in en sit die boek op die toonbank neer. Geen verskoning, geen 'ek is jammer', sy was elke keer ongelooflik ongeskik. Dit was toe natuurlik die arme huiswerker wat die boek tussen die tydskrifte gebêre het. So leer ons mos die publiek is ALTYD reg.

Sy weier toe om die boete te betaal want sy het dit kwansuis by die ander personeelid wat op daardie stadium met verlof was, betaal. Ons het haar egter uiteindelik oortuig dat sy wel die boete sal moet betaal. Dis nogal sleg dat sulke uittrappe soms voor 'n hele biblioteek vol gebruikers moet gebeur.

Die gebruikers wat mens goedgesind is en vriendelik is, maak darem op vir die ongemanierte gebruikers. So veg ons maar voort om ons boeke terug te kry



Maar dan kan natuurlik boekdele gespreek word oor onbeskofte gebruikers. 'n Dame het by ons 'n boek uitgeneem. So raak die boek laat en ons stuur aanmaning na aanmaning. So kom sê sy elke keer maar sy hét die boek terugbesorg, dit moet by ons op die rak wees. Toe sy weer eendag ons kom verseker dat sy wel die boek terugbesorg het en dat sy nie die boete sal betaal nie, neem ek haar rak toe en wys haar hoe die boek lyk (ons het toevallig twee kopieë van die boek). Sy vertel my toe dat sy twee boeke teruggepos het (ons het 'n boekebus waarin die lesers in toe ure hul boeke kan terugpos). Ek sê toe vir haar maar dis eintlik onmoontlik dat ons net die een boek sou kry en nie die ander een nie, maar ons sal nog soek. 'n Volgende keer kom vertel sy ons dat sy gou gaan fotostate maak het uit

MISSING PAGES

A surgeon goes to return some books
he borrowed from the library.
The librarian quips after checking the books:

'Sir, your books are always returned with
the last page missing in every single book.'

The surgeon replies:
'I can't stop myself from removing an
appendix whenever I see one.'

The fairest fair of them all!

Cape Town

BOOK FAIR 2008



RHEINA EPSTEIN
Correspondent

The third Cape Town Book Fair, with the slogan *Words create worlds* held at the Cape Town International Convention Centre on 14-17 June, again did not disappoint. The Cape Town Book Fair is held under the auspices of the South African Publishers Association (PASA) in co-operation with the Frankfurter Buchmesse - the biggest book fair in the world.

Those who flocked there in droves (over 50 000) visited the stalls, listened

to authors speaking about their work, heard differing views in panel discussions, were entertained by consummate raconteurs and story-tellers and were able to buy books with their authors present to sign them.

For many the Book Fair was an opportunity to mix with like-minded people who shared similar interests - everybody there brought some kind of energy that created the vibrant excitement that permeated the vast exhibition hall. For me personally the bumping into friends, acquaintances, fellow librarians or other book people is one of the major attractions.

Exhibitors were as exotic as the Russian stand with books in Russian and the Chinese stand with Chinese children's books. What was particularly noticeable was the number of exhibitors from India. There were the regular national and international publishers' stands enlivened by signing sessions or author's stories such as Sam Cowen of *Great expectations*, the programme for parents on e.tv, and author of *Good enough mother*, who shared her experiences as mother of two.


Not only were there more than 450 publishing companies (including multimedia and electronic publishers) exhibiting, but everybody in the book chain besides authors was represented - either at stands or in the talks and discussions: literary agents, editors, designers, printers, bookbinders and packagers. Non-governmental organisations were there as well as the National Library of South Africa with an impressive stand, and public libraries under the generic title of Public Libraries. The attractive book bags at the library stall were a great hit.



Most talks took place either in the Literary Forum, where I heard Barry Ronge enthuse about whom he considered the greats - among them Charles Dickens, EM Forster, Scott Fitzgerald and Raymond Chandler; or in the smaller venues in the Centre. Ronge also told us about the downloading of whole novels onto an iPod-type device - a new medium for talking books.

A splendid innovation this year was being able to book for specific sessions. The tickets were still free but it did guarantee a place particularly for the more popular speakers. Another innovation was the wider aisles - just as well in view of the increased attendance from previous years.




This year again there was the continual frustration of having to choose between equally attractive options. One was really spoilt for choice. For example, I had to choose between a conversation on the arms deal between Terry Crawford-Browne and Andrew Feinstein with Martin Welz of Noseweek; or listening to Alexander McCall Smith reading from his work and talking about his writing. I chose the extremely enlightening arms deal conversation, not only because I had read Feinstein's *After the party* but also because I had heard McCall Smith the previous Friday evening at the Benefit Banquet - the opening function of the Fair. As guest speaker he kept his audience in fits of



laughter with his wit, his humour, and his very special perspective on the different situations in which he found himself - all of which added up to a most entertaining experience. And friends who did go to hear him found his account of the filming of his book in Botswana and his plans for staging operas equally entertaining. No wonder he was the darling of the Book Fair.

The opening Benefit Banquet was in aid of Project Literacy (South Africa's premier non-profit provider of adult education) and the Run Home to Read programme and, again attesting to the appeal of McCall Smith, an autographed collection of his *No 1 Ladies Detective Agency* series was silently auctioned off for R20 000. This prompted another bidder to immediately offer another R20 000 for a similar collection.

Besides McCall Smith the only other overseas author was Marina Lewycka, author of *A short history of tractors in Ukrainian*, whom I heard being interviewed by Michelle Magwood. Possibly for the publishers of overseas authors there was the constraint of money, time and distance but for me it was a pity as many of the other authors at the Book Fair I had already heard at local launches of their books.



So having heard them before I did not go to hear Rayda Jacobs on **Masquerade**, Pamela Jooste on **Star of the morning/Môrester**, Riaan Manser on **Round Africa on my bicycle**, Michiel Heyns on **Bodies politic**, Patrick Cullinan on his latest volume of poetry **Escarpmnts** or Richard Mendelsohn and Milton Shain on **The Jews in South Africa: an illustrated history**.

However, I did attend a panel discussion on crime writing in South Africa with Deon Meyer (**Devil's Peak**), Margie Orford (**Blood rose**), Richard Kunzmann (**Dead-end road**) and Mike Nicol (**Payback**). Though all had something to say the synergy between these very clever and accomplished writers was missing - such a pity!

I was struck by the diversity of those attending but more particularly by the numbers of families with children. A far larger area was allocated to the Children's Zone this year and divided into two sections - an activities area for the older children and a story-telling area for the younger ones. There were also a dedicated children's bookshop and an eating area. My most enjoyable experience at the Fair was watching Sharon Geffen, formerly a children's librarian at the Kloof Street branch of Cape Town City Libraries and now a school librarian, telling stories using puppets and, accompanied by her 10-year-old daughter Hayli, singing activity songs in which the children joined with gusto. Her talent for holding the attention of a disparate group of children despite the ambient noise and bustle was impressive. Throughout the Fair much emphasis was placed on reading and books for children starting from a very early age. This is real forward planning - not only for the country but also for the survival and continuance of book fairs.

Re-reading the programme after the Book Fair is not a good idea as one notices events and speakers one had missed on earlier readings, simply compounding the frustration. I am sorry I missed Mark Gevisser (**Thabo Mbeki: the dream deferred**), Robin Malan chairing a discussion on writing about violence against women, and the poets Isobel Dixon, James Matthews, Jeremy Cronin and Tyrone Appollis, artist and musician launching his first book of poetry, **Train to Mitchells Plain**.

I also unfortunately missed many of the sessions on the Monday as I attended a conference entitled *Information for change 2 beyond the book: integrating alternative media into your publishing strategy*, under the auspices of Oxfam, the World Bank and other development agencies.

I had attended the Information for change conference last year and had come away stimulated and enthusiastic. Denis Beckett was again the moderator with some excellent speakers. The discussions provided a number of new and exciting insights into the world of alternative media - read electronic - with its liberating potential. But we were warned that technology can also amplify the gap between the haves and the have-nots. We also learnt that, despite the widespread use of e-mail and the Internet, users of the material disseminated still prefer to work with hard copy. Cell phones and text messaging are an integral part of tertiary education being used extensively by students for their studies. Eve Gray, a publishing consultant and a passionate proponent of open access and the Creative Commons where knowledge and research is



The Western Cape Provincial Library Service and the City of Cape Town Libraries' stand was a hive of activity during the Fair. The backdrop of the stand depicted four pages in a book, with some larger than life bookmarks sporting the slogans **Local and global @ your library** and **Book friends @ your library**. On the pages starting from the left, the names of all the libraries in the Western Cape appeared, names of cities and towns around the globe, authors and book titles. Here we have Book Selector Stanley Jonck and Szerena Knapp from the Publication Section at Head Office assisting some of the many visitors to our stand

made freely accessible, pleaded that knowledge be released and made available to the developing world.

In the programme for the conference much emphasis was placed on networking. I always state categorically that I do not network, I socialise - so socialise I did and met some interesting people.

My book-bellied weekend finished with the launch on, appropriately, Youth Day of **Die agterhuis** at the Cape Town Holocaust Centre - the first translation into Afrikaans of the **Diary of Anne Frank**, translated by Dr Lina Spies, (a renowned poet and lecturer) and published by Protea Boekhuis. From the pages of the most famous diary of World War 2 emerges a Dutch-Jewish girl with a dream to become a writer; a girl who could not realise her ideals because as a Jewess she was condemned to death.

Bookshops and book launches

I am not sure whether it is written into their contracts or not but it seems that authors now have a responsibility (as I have mentioned in previous write-ups) to actively promote their books. Many bookshops in town such as the Wordsworth and Exclusive branches have regular book launches with the author present, usually in the late afternoon. Kalk Bay Books usually hosts its authors over weekends. Both Kalk Bay Books and the newest kid on the block, The Book Lounge at the corner of Roeland and Buitenkant Streets in Cape Town are going full tilt featuring as many as two authors a week. The launches are open to all and invitations extended by e-mail. E-mail the following book shops to be added to their mailing lists for book launches and newsletters:

The Book Lounge	<Booklounge@gmail.com>
Exclusive Books	<Waterfront@exclusivebooks.co.za>
	<Cavendish@exclusivebooks.co.za>
	<Kloofstreet@exclusivebooks.co.za>
Kalk Bay Books	<Books@Kalkbaybooks.co.za>
Wordsworth Books	<Booknews@wordsworth.co.za>